



70

Geagte Dominee

TOIBO was die afgelope maand besonder geseë met al die skenkings wat ontvang is. Van oraloer het die susters kom aflewer – NG Kerk Sanddrif die mooiste matriekafskeidrokke asook baie ander klere, Gereformeerde Kerk Rietvallei splinternuwe warm baadjies, NH Kerk Secunda pakkies met skryfbehoeftes en 'n lekker warm serp, Gereformeerde Kerk Kroonstad serpe, handskoene en musse, en NG Kerk Sasolburg-Sentraal serpe en handskoene. Vir die kleuters het Gereformeerde Kerk Pretoria-Brooklyn die oulikste poppies gebrei.



'n Perkins Brailleur geskenk deur die diakonie van NH Kerk Pretoria-Oos. Hierdie Brailleur gaan aan 'n minderbevoorregte kind by Prinshofskool. Die koste van 'n Brailleur beloop R13 995, en elke kind behoort een by die huis ook te hê om tuiswerk te kan doen. Baie ouers is finansiële egter nie in staat om so 'n groot uitgawe aan te gaan nie.



Baie baie dankie vir almal se OMGEE!



Baie kinders kan nie by die skool kom nie omdat hul ouers nie die vervoerkoste kan bybring nie. Hier speel TOIBO weer eens 'n groot rol. 'n Briefie van een van die ouers:

Dear Madam

I like to thank people who pay for my child to come to school every day. I want to say thank you for you so much. May God our Lord give you more power to take care of the needy people so that they can succeed in life. I know that God who hear our prayers will do miracles. May God bless you more. Thank you so much.

Projek Opknap

'n Bedrag van R275 000 is toegeken aan drie skole vir kapitaalprojekte. Sonitusskool moet van die stoepdakke vervang en een van die netbalbane se teer oordoer. Prinshofskool het R55 000 ontvang om te help met die aanbou van 'n nuwe klaskamer by die grondslagfase vir swaksienes, en Hoërskool Martie du Plessis wil hul Department van Sielkunde omskep in 'n kindvriendeliker omgewing.



Dr Pieter Heystek spreek jaarliks die finalejaar GKSA studente aan die Universiteit van Noordwes toe. By dié geleentheid stel hy TOIBO en haar skole aan hulle bekend.

1 September is Loslondag. Plakkers is te koop by TOIBO @ R10 elk. Dit is 'n nasionale projek en 'n groot poging om mense bewus te maak van persone met gestremdhede. Dra jou plakker en wys jou OMGEE!



Nasionale Biddag vir Dowes vind plaas op Sondag 3 September.



Samewerking tussen die Universiteit van die Vrystaat se Teologiese Fakulteit en Hoërskool Martie du Plessis

Op 18 September sal mnr Francois van Heerden (hoof) en mev Marinel Read (maatskaplike werker) die studente in 'n lesing inlig oor die profiel en hantering van leerders met gestremdhede. Dit sal die studente bemagtig om met hierdie leerders te werk en hulle ook bewus maak van die uitdagings wat kinders met gestremdhede moet trotseer.

Oudleerders maak ons trots!



Lorinda Diedericks studeer aan UNISA en moes 'n gemeenskapstaak doen. Sy het by TOIBO aangeklop om meer uit te vind van die organisasie. As blinde student vermag sy wonder.

Terugvoer vanaf Lektor

"You have done an excellent job in providing a rich description of what the organisation stands for, how you have approached them, and how you have engaged with literature that speaks to what the organisation stands for. You are definitely on the right track and should proceed with panel two in the same way."

Na eksamen

Ek wil graag laat weet dat die lektor van die gemeenskapsielkundemodule my gekontak het en gesê het dat hulle baie tevrede is met my eksamenvraestel en dat hulle graag my essay as 'n "case study" wil gebruik in derdejaar-studiemateriaal vir volgende jaar. Sjoë, dit is 'n groot eer en voorreg vir my! Weer eens baie dankie vir al Tannie se hulp, ek waardeer dit opreg! Sal die dokumente vir Tannie aanstuur as ek dit ontvang. Groete, Lorinda Diedericks

Ds JJ (Jaco) van Wyk van NG Kerk Effata-vir-Dowes is 'n oudleerder van Sonitusskool.

- Hy dien tans in die Beheerliggaam van Sonitusskool en
 - verteenwoordig NGK Sinode Hoëveld by die Ledevergadering van TOIBO.

Die rol wat TOIBO speel om die minderbevoorregte kinders in die vyf skole by te staan, moet nooit onderskat word nie. Dankie dat u deur middel van u finansiële bydraes en ander skenkings ons hande sterk om 'n verskil te kan maak en hul drome waar te laat word.

Tot volgende maand.

Vriendelike groete

Arina Jooste

ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE

DS GERRIE VAN DYK
VOORSITTER

Transoranje Instituut
ABSA
Reknr: 020 840 145